

Skriflesing: Mattheus 27: 35 – 49; Markus 15:33-34

Teks: **Mattheus 27:46; Markus 15:34b**

Sing- VOORAF SANG: Sb.15-2 (38) :1, 3

TYDENS EREDIENS: Ps. 48:4; Ps. 25:7,8; Ps. 22:1; Ps. 73:1,10

Mattheus 27: 35 – 49

Mat 27:35 Hulle het Hom gekruisig en sy klere verdeel deur te loot.

Mat 27:36 Daarna het hulle gaan sit en by Hom wag gehou.

Mat 27:37 Bokant sy kop het hulle die aanklag teen Hom in skrif aangegee: "Dit is Jesus, die koning van die Jode."

Mat 27:38 Saam met Hom het hulle ook twee rowers gekruisig, een regs en die ander een links van Hom.

Mat 27:39 Die mense wat daar verbygeloop het, het Jesus gelaster. Hulle het die kop geskud

Mat 27:40 en gesê: "Jy wat die tempel afbreek en in drie dae opbou! Red jousef as jy die Seun van God is, en kom van die kruis af!"

Mat 27:41 Net so het die priesterhoofde saam met die skrifgeleerdes en die familiehoofde ook gespot en gesê:

Mat 27:42 "Ander het hy gered, maar homself kan hy nie red nie. Hy is mos die koning van Israel! Laat hy nou van die kruis afkom en ons sal in hom glo.

Mat 27:43 Hy het op God vertrou; laat God hom nou red as Hy dan behae in hom het. Hy het immers gesê hy is die Seun van God!"

Mat 27:44 Op dieselfde manier het die rowers wat saam met Hom gekruisig is, Hom ook beledig.

Mat 27:45 Van twaalfuur af het daar duisternis oor die hele land gekom, en dit het tot drie-uur geduur.

Mat 27:46 Teen drie-uur het Jesus hard uitgeroep: "Eli, Eli, lemá sabagtani?" Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat?

Mat 27:47 Party van dié wat daar gestaan het, het dit gehoor en gesê: "Hy roep vir Elia."

Mat 27:48 Een van hulle hardloop toe gou, vat 'n spons en maak dit vol suur wyn en hou dit op 'n stok vir Hom om te drink.

Mat 27:49 Maar die ander sê: "Wag, laat ons kyk of Elia hom kom red."

Markus 15:33 – 34

Mar 15:33 Teen twaalfuur die middag het daar duisternis oor die hele land gekom en dit het tot drie-uur geduur.

Mar 15:34 Om drie-uur het Jesus hard uitgeroep: "Eloï, Eloï, lemá sabagtani?" Dit beteken: My God, my God, waarom het U My verlaat?

Skriflesing: Mattheus 27: 35 – 49; Markus 15:33-34

Teks: **Mattheus 27:46; Markus 15:34b**

Sing- VOORAF SANG: VOORAF SANG: Sb.15-2 (38) :1, 3

TYDENS EREDIENS: Ps. 48:4; Ps. 25:7,8; Ps. 22:1; Ps. 73:1,10

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die vierde kruiswoord is nie maklik om by stil te staan nie.

Die begin van die reeks rondom die kruiswoorde het ons gesê hierdie is sewe vensters oop op Golgota. Tog is dit asof ons by hierdie kruiswoord nie deur 'n oop venster kan kyk nie! Dit voel of dit rondom ons ook pikdonker is. Donker van buite en van binne. Hoe kan ek dan nog deur 'n venster kyk as daar nie lig is nie. Lig wat nodig is om te sien en nou sien ons niks. Daar het oor die hele land duisternis gekom. Vir drie ure lank. Om vanuit die duister deur hierdie venster te kyk is dit wat ons vandag sal moet probeer doen.

Soos aan die begin van elke kruiswoord is dit asof ons al meer die skoene van ons voete moet aftrek. Ons staan op heilige grond. By die aanhoor, by wat vandag oordink moet word, raak ons

blind. Ja, u onthou ons het die kruiswoorde elke keer met 'n besondere vorm van liefde kon verbind. Toe Jesus gesê het- die eerste kruiswoord- *Vader vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie*, was dit heel duidelik vergewende liefde ter sprake. By die tweede kruiswoord aan die misdadiger gerig, *Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met my in die paradys wees ...* Dit was verlossende liefde, verlede Sondag was dit Jesus se ma en die dissipel Johannes wat Jesus moes hoor sê – *Vrou daar is u seun, seun daar is u moeder ...* Toe het ons dit genoem versorgende liefde. Kerklik sou Maria versorg moes word en daar waar die apostels die fundamente van die Nuwe-Testamentiese kerk moes lê, daar was gelykelyk die eerste diakonale toewysing, dat Maria versorg sal moet word. Geestelik versorg, liggaamlik versorg, ja om diaken te wees vereis 'n bewoënheid oor ander mense wat gehelp moet word. Dit is die kerk se lewenslange taak en dit sal ons as kerk se lewenslange taak bly.

Vandag se kruiswoord sluit aan by verlede week se woord. Versorgende liefde moes word verblindende liefde. Op verskeie maniere sou God Homself vir sy Seun moes blindmaak, maar ook ons word blind. Sal ons ooit alles kan begryp, kan enige mens verstaan wat in hierdie drie ure op daardie verskriklike Vrydag vanaf 12h00 tot 3h00 die middag gebeur het. Dit wat ons op die 2de April sal noem – Goeie Vrydag ... Nee daar is niemand nie, net Jesus wat iets laat hoor van die verblindende liefde wat Hom ook in sy bloedvraag verblind gelaat het – Hy wat vra – *My God, my God waarom het U my verlaat.*

Ons het verlede week al opgemerk hoe Jesus Hom van mense moes losmaak. Net die vorige kruiswoord bevestig dit hoe Hy Hom van Maria moes losskeur dat Hy ook haar Verlosser kon word. Sy nie meer sy ma kan wees nie, want dan kan Hy haar Verlosser nie wees nie. Hy noem haar *vrou*, Johannes word as *seun* in Jesus se plek aan Maria toegewys. Die straf wat Jesus moes dra sou insluit eensaamheid, ja 'n al hoe groter vereensaming wat ons vandag moeilik die woorde sal vind hoe bitter eensaam Jesus regtig sou wees. Deur mense verlaat, daardie kringe wat Hom van hulle wegstoot, die kring met die groot getal mense wat Hom haat, Hom vloek, Hom spoeg, maar ook moes Hy in sy hart verlaat die klein kringetjie van vroue wat Hom van ver so jammer sou kry, die vrou wat Hom 9 maande onder haar moederhart gedra het, haar moes Hy wegwys en toewys. In alles sou dit in hierdie vrouens se lewens ook donker wees soos die wêreld om hulle nou donker geword het. Jesus het die verskriklikste eensaamheid moes beleef.

As ons Jesus 3 uur daardie middag die woorde uit Psalm 22 hoor sê, dit alles gaan profeties in vervulling. Wie raak nie blind as ons hierdie woorde hoor nie?! God het sy eie Seun verlaat, omdat Hy ons so liefhet, dat Hy sy eie Kind verlaat het. Blind moes word in sy eie liefde, sodat sy liefde vir ons 'n werklikheid kon word. Die geregtigheid wat die liefde vereis en die ware liefde wat ware geregtigheid vereis, word nou één en watter verskriklike prys om te moes betaal vir dit wat één moes word.

Die prys wat Jesus by hierdie kruiswoord openbaar is letterlik die hel wat Hy moes deur. Niemand van ons kan ons behoorlik indink wat hierdie kruiswoord in sy omvang, sy diepte, dit wat Jesus werklik aangedoen was nie. Om dit te verstaan sou dit nodig wees om self eers die hel in te gaan en terug te keer. Die duiwel self, die grootste ongelowige wat daar nog ooit was, nie eers die antichris kan hierdie kruiswoord op enige wyse vertolk nie. Daar was net Een en Hy is die Een wat ons dit hoor sê - *My God, my God waarom het U my verlaat ...*

Ons besef om dit woorde van benoudheid te noem is 'n manier om dit te probeer verstaan, maar dit gaan ook om baie meer as net om benoud te wees. Dit is woorde in donkerte uitgespreek want die aarde het helder oordag in duisternis gedraai toe hierdie woorde dit bevestig. Dit is woorde op aarde uitgespreek maar dit strek die arms na bó, die Vader word aangespreek. Dit is woorde op hierdie heuwel uitgespreek, maar dit vertolk 'n diepe afgrond, wat kan 'n dieper afgrond wees dieper as die hel. Dit is woorde van drie-uur daardie middag, woorde in 6 ure wat tot hierdie punt gekom het, wat iemand die tydelike dood vir die ewige dood moes verruil Hy wat deur alles moes gaan. Die liggaamlike dood wat vir Hom nog sou kom, maar hier in hierdie vierde kruiswoord sit die geestelike dood, sit die ewige dood. Hy wat geestelik, ewig, en dit as Mens, in die tydelike deur al die dode moes gaan, sodat daar geen ewige en geestelike dood vir God se kinders meer moes wees nie.

Hy het die dood in sy volle omvang moes deurgaen. Ook wanneer hy daardie middag liggaamlik sou sterf, dit wat die tydelike dood is, die skeiding tussen liggaam en siel, dan het Hy werklik dit alles volbring. Dit wat die sesde kruiswoord ook bevestig. Tog het Jesus, wat ons ook mag noem, die sedelike dood moes deurgaen. Die skeiding van jou gemeenskap en ook die ewige dood, dit wat dit is om van God geskei te wees.

Elke keer besef ons dit wat ons hoor, dit wat ons hier sê, kan ons nie alles verstaan nie. Eendag sal ons wel! Jesus is dan Self God. Hy die tweede Persoon in die goddelike Drie-Eenheid – is dit God wat hier om God roep? Is God hier sonder God? Is God in hierdie duisternis in Homself en teen Homself verdeeld? Is die eerste Persoon in die Drie-Eenheid, die Vader en die tweede Persoon, die Seun hier sonder mekaar, geïsoleer van mekaar?! Dit is en bly ’n ewige onmoontlikheid dat God hier teen Homself verdeeld sou raak. En die derde Persoon, die Heilige Gees waar was Hy toe? By die Vader, by die Seun, of elders? Geliefdes u kom agter die vrae kan meer en meer word. Ons het eenvoudig nie antwoord op alles nie. Ja, soos daar ook dinge in jou en my lewe kan wees? Het jy wel antwoorde op al jou lewensvrae? Ek nie!

Laat ons maar erken dit wat deur die donker van die nag sou sny as Jesus hierdie woorde van verlatenheid uitspreek, met die verstand kan ons nie daar indring nie. Moet dit nie probeer kleinkry nie? Ons kan nie! Dit is te hoog, te diep, te ver, te wyd om met die soekligte van die brein dit af te tas, beskryf iemand dit. Dit maak dit alles net soveel erger! Ja, dit vra ek my diep in my hart as Jesus die *waarom-vraag* plaas, dan is dit asof Hy na sy mensheid, sy menslike natuur dit ook nie toe kon verstaan nie. As Hy nie verstaan nie, hoe kan ons?! Dit was tog altyd ons belydenis, ja die kerklike sinodes het dit al baie vroeg in die geskiedenis so besluit (spesifiek by die sinode van Chalcedon so uiteengesit) dat die goddelike en menslike natuur van Christus is ongedeel, ongeskeie, ongemengd, onveranderd. Dit is eenvoudig nie moontlik dat die Persone in die Drie-Eenheid mekaar sal verloor of die stryd aansê nie. Geliefdes, hoe meer vraagtekens ons probeer trek, hoe krommer sal dit word. Ons kan die misterie eenvoudig nie indring nie. Daar is eintlik niks verder te sê oor die misteriewoord op die heuwel nie. Dis groot, diep en duiselingwekkend.

Die verste wat ons kan gaan is om met beslistheid te sê sonder om enige van die baie moeilike vrae te antwoord dat dit was beslis ’n roepe in Jesus en vanuit Jesus in sy menslike natuur. Hy wat vir tyd tye en ewigheid vir oomblikke, ja kom ons noem dit maksimum drie ure, moes ophou om die Christus te wees, dit was net Jesus daar, ja dat Hy weer vir ons die Christus kon word!

Wat hierdie *mens Jesus* in hierdie ure deurly het, het ons ook vanoggend bely as **neergedaal na die hel**, of soos die bewoording in die Twaalf Artikels eintlik ook maar rondtas, as daar later die bewoording op van ons Sinodes aanvaar is deur te sê dat **Hy het die angste van die hel tot in die dood toe ondergaan**. Dit is ook maar nog weer 'n bewoording wat 'n uitdrukking in groot gebrokenheid is want Hy het meer as net die angste van die hel ondergaan, ja Hy het die volle hel ondergaan en deurgegaan, wat meer is as net 'n plek en toestand van ang. Dis beslis ang ingesluit maar dit sluit sekerlik meer in. Dit sluit die volle hel in en Wie is daar wat al deur die volle hel is, as net Hy wat hier sê - *My God, my God, waarom het U my verlaat?* Die hel is waar God nie is nie, niemand is nog daardeur nie, al het die digter van Psalm 22 dit geprofeteer, ja in profesie en waarheid is dit gesê, omdat iets daarvan deurleef is maar beslis nie deurgaang is nie. Alleen net Jesus het dit deurleef en moes deurgaang!

Hierdie kruiswoord is die middelste van die sewe kruiswoorde, ja alles wat hierna volg is ook verskriklik maar mag ek dit menslik waag deur te sê nie so verskriklik soos vandag se kruiswoord nie. Hierdie middelpunt is die dieptepunt. Heeltyd is ons daartoe gedwing om die kern van hierdie vierde kruiswoord te soek in die woord *Hy was verlaat* ... Buite die stad gekruisig wat soos die sondebok van vroeër, dit wat op die jaarlikse Versoendag gebeur het, dan is die sonde van die volk met 'n simboliese handeling van die priester op die bok wat vir Asdod geloot is, oorgedra. Daarna is die sondebok die woestyn ingejaag, weg van die laer, weg van die volk, om die sonde van die volk na Asasel – 'n benaming vir die duiwel- toe te neem. Jesus is die sondebok gemaak en het Hy ons sonde op Hom moes neem en Hy is die woestyn van God se oordeel in. So was Hy van God verlate ...

Ook die duisternis wat daar toe op die aarde was, was iets wat die verlatenheid net nog meer beklemtoon. Die lig het Hom ook verlaat. In Egipte was dit ook met die negende plaag juis die duisternis wat oor Egipte toegesak het. Dit was juis die inleiding op die verskriklike tiende plaag wat daar in Egipte gekom het waar die eersgeborenes in elke Egiptiese huis gesterf het waar daar geen bloed aan hulle deurkosyne was nie.

Dis asof hierdie duisternis nou weer 'n inleiding is op die dood nie net van God se eersgeborene nie, maar van sy Eniggeborene. Die duisternis dui op net nog verdere oordeel. Die diepste donkerste duisternis wat daar kan wees. So tree in vervulling Jesus se vroeëre woorde toe Hy

gesê het dat dit is die uur van die mag van die duisternis. Ja die duisternis word simbool van sonde, ongeloof en ongeregtigheid.

Dit is mos ook hoe God sonde deur Paulus beskryf as Paulus in Rom.13:12 en ook in Efesiërs 5:11 al hierdie bese dinge noem die werke van die duisternis. Ook in 2 Korintiërs 6:14 beskryf hy ongeloof en ongeregtigheid as sake van die duisternis. Duisternis is simbool van die sonde maar ook simbool van die dood. Jes.9:11 noem die volk wat onder die oordeel van God staan 'n volk wat in duisternis wandel en wat woon in 'n land van doodskaduwee. Ja, dinge trek in die hierdie duistere donker saam want was die duister nie net simbool van sonde en die dood nie, maar simbool van die hel. As ons daardie voorlaaste kort briefie in God se Woord lees – Judas, vers 6 ... Ons lees 6 *Dink ook aan wat gebeur het met die engele wat hulle nie binne hulle eie magsgebied gehou het nie, maar hulle aangewese woonplek verlaat het. God het hulle met onbreekbare kettings gebind en hou hulle in duister dieptes vir die oordeel van die groot dag.* Die 1953 Vertaling praat van engele wat hul eie beginsel nie bewaar het nie, maar hul eie woning verlaat het, het Hy vir die oordeel van die groot dag met ewige boeie onder die duisternis bewaar. Ja, die diepste duisternis vanuit die sonde en die dood trek in die hel saam.

Aanvanklik kon dit lyk of Satan letterlik 'n helse oorwinning behaal het. Of Satan vir Jesus in die hel kon kry! Tog is dit anders! In werklikheid was die duiwel se skynbare oorwinning ook sy grootste nederlaag nog ooit! Jesus het Hom in sy eie magsgebied verslaan, die slang se kop vermorsel al is Hy nog nie dood nie en is die gif nog so dodelik. In beginsel is Hy reeds oorwin en dit laat hom hier op aarde so gevaarlik, soos 'n brullende leeu soek Satan wie hy kan verslind. Satan is oorwin maar nie vernietig nie. Sy boosheid hier op aarde is steeds ontsaglik groot en ons beleef dit elke dag.

Die feit dat Jesus in die verskriklikste van tye en smarte steeds bly sê MY GOD (kyk na die woord MY) al kon Hy God toe nie Vader noem nie, want in daardie ure was God beslis vir Hom geen Vader nie. Wel sal Hy nog weer, selfs aan die kruis kon terugkeer na wat vir ons die mooiste Naam vir ons God mag wees, om Hom wel as Vader te mag aanroep. Ja, die laaste wat ons nog later, ja ná Goeie Vrydag by sal moet kom – *Vader, in U hande gee Ek my gees oor ...*

Al noem Jesus op daardie helse oomblikke God nie Vader nie en Hy net kon sê MY GOD wys dit so duidelik dat Jesus se getrouheid aan sy Vader was deur alles heen onveranderlik.

As ons hierdie eerskomende Vrydag dan Goeie Vrydag gaan vier, het ons die voorreg om nie by die WAAROM vas te steek nie. U mag weet, die WAAROM moes daar wees om ons by God se DAAROM uit te bring. Christus se WAAROM, *My God, my God, waarom het U my verlaat ...* gee vir ons die daarom ... DAAROM dat God by ons sal bly. Dis inderdaad verblindende liefde, ons kan dit nie deursien nie, maar God moes verblindende liefde aan ons betoon, dat ons vir sy liefde nie blind mag wees nie.

Geliefdes as ons kon vorder van die eerste kruiswoord tot die vierde kruiswoord vandag, ons het gekom vanaf vergewende liefde, verlossende liefde, versorgende liefde, tot by hierdie verblindende liefde. Dan sal liefde nog weer spreek. Ook in die vyfde, die sesde, die sewende kruiswoord. Daar is werklik ook verkwikkende liefde as Jesus sê – EK IS DORS- DV gaan ons hierdie Vrydag se Goeie Vrydag diens daarby kom en na die verkwikkende liefde, is daar ook nog volbragte liefde en ook versoenende liefde. Ja, die sewe kruiswoorde is 'n opbou, 'n bymekaarbring van hoekom Paulus kon sê - Geloof, Hoop en Liefde moet daar wees, maar die grootste hiervan is die liefde. Ons sien dit maar deursien dit nie! Ons sien dit, maar deurgrond dit nie, dis in besonder op die vierde kruiswoord vandag van toepassing. Mag u hierdie komende Vrydag opstaan met die gedagte en ook na die huis van die Here kom – nie met die vraag wat al in Psalm 22 begin het, van *My God, my God, waarom het U my verlaat*. Staan op, kom na die huis van die Here met die vraag, *My God, my God, waarom het U my aangeneem*.

AMEN